



We develop the South African Agriculture Industry.  
Ons ontwikkel die Suid-Afrikaanse Landbou Industrie.

7 Maart 2019

## Brief aan Lede

Geagte lid,

Agri SA wil graag sy standpunte oor belangrike aktuele kwessies uitklaar.

Die afgelope drie jaar se voortslepende droogte en onsekerheid oor onteining sonder vergoeding plaas enorme druk op boere. Die meeste boere moet elke dag moeilike besluite maak oor waar en hoe om geld te spaar.

Midde-in die druk op ons as boere is dit maklik om kwaad te raak, kritiek te lewer en te dreig. Die oplossing vir landbou se uitdagings is egter nugter denke. 'n Diplomatieuse aanslag werk beter as om oor en weer dreigemente te maak, met die wete dat harder sanksies soos grondwetlike litigasie altyd in die agtersak gereed is.

Daarby maak die politiekery rondom onteining die mees optimistiese boer swaarmoedig.

Die aantyging dat ek die 80% van boere sal opoffer vir onteining is 'n leuen. Dit is ook nie Agri SA se standpunt nie. My eie plaas en nalatenskap val binne die sogenaamde 80% van plase waaroor daar nou omstredeheid is. Trouens, die meeste van Agri SA se boere-lede val binne daardie 80% van klein- na middelslag-boere.

Die webwerf *The Rational Standard* het my op 13 Februarie 2019 en 4 Maart 2019 verkeerdelik en buite konteks aangehaal en die indruk geskep dat ek ten gunste is van radikale grondhervorming en die opoffering van kleiner kommersiële boere. Die betrokke aanhalings kom uit sessies wat ek onder meer saam met professor Mohammed Karaan moes aanbied en was 'n opsomming van al die moontlikhede en opsies van verskeie rolspelers en mede-lede van die President se paneel oor grondhervorming. Ons moes 'n aanbieding doen oor alles wat bespreek is en alle voorstelle en opsies op die tafel sit vir die publiek om daarop kommentaar te lewer.

Ek benadruk weer - ek stem glad nie saam met die voorstel wat daarop neerkom dat 20% van kommersiële boere wat op grootskaal boer uitgelos moet word, terwyl die oorblywende "kleiner" 80% maar onteien kan word nie. Alle boere, ongeag grootte, is vir Agri SA en die landbou-waardeketting belangrik.

Agri SA se standpunte in die voorafgenoemde artikels is verdraai en ek is verkeerdelik aangehaal. Dit skep onnodige verdeeldheid juis wanneer ons as landbouers moet saamstaan.

[www.agrisa.co.za](http://www.agrisa.co.za)

Tel | +27 12 643 3400 Fax | +27 12 663 3178 Email | [agrisa@agrisa.co.za](mailto:agrisa@agrisa.co.za)

Physical Address | Inkwazi Building | Block A | 1249 Embankment Road | Zwartkop X7 | Pretoria | South Africa

Postal Address | Private Bag X180 | Centurion | 0046 | South Africa

Agri SA het die regering al in die howe aangevat en gewen. Ons sal weer so maak. Ek deel graag 'n stukkie goeie nuus met julle: Melmoth se boere, met Agri SA se finansiële bystand, het hulle saak teen die Waardeerder-generaal en die Minister van Landelike Ontwikkeling met koste gewen. Die boere is minder as die helfte van die vergoeding wat hulle voorheen met die staat ooreengekom het, aangebied. Dit is net nog 'n voorbeeld van hoe Agri SA boere se grondregte vooropstel en daarvoor sal veg.

Agri SA is 'n onafhanklike liggaam wat deur boere, bedryfsorganisasies en ondernemings wie se bestaan van boere afhang, befonds word. Ons is onafhanklik en neem nie opdragte van organisasies wat geen belang in landbou het nie. Ons mandate kom van julle, ons lede. Ons het by 2018 se kongres, ons mandate oor grond weer voorgehou en geleentheid is gegee vir wysiging. Kongres het die bestaande mandate met slegs een uitsondering (ten opsigte van 'n reg van eerste weiering) herbevestig.

Oor die afgelope maand is daar 'n nuwe groepering binne landbou geskep. Ons verwelkom enige organisasie wat landbouers wil ondersteun, solank dit op 'n verantwoordelike manier gedoen word. Agri SA en sy lede staan eenheid binne landbou voor en sal met alle relevante organisasies saamwerk om eenheid te bewerkstellig.

Ek stel Agri SA se standpunte baie duidelik:

- Agri SA het nog altyd vir markwaarde-gebaseerde-vergoeding baklei en sal aanhou daarmee;
- Agri SA sal veg vir die beginsel van die regstaat (*rule of law*) tot in die hoogste hof, en internasionaal indien nodig;
- Agri SA sien die 80% van klein- en middelslag-boere as die kern van landbou. Dit is hierdie boere wat die landelike gebiede lewensvatbaar hou, werk skep, sorg vir volumes vir die waardeketting en wat ook die kern van Agri SA se ledebasis vorm. Terselfdertyd is kommersiële boere wat op grootskaal boer en korporatiewe lede belangrik en speel hulle 'n onmisbare rol in die landbou-waardeketting. Agri SA ondersteun alle boere en landbou-rolspelers wat ons visie deel.
- Agri SA sit op die President se raadgewende paneel oor grond en ander raadgewende forums om pro-aktief beleid in boere se guns te beïnvloed – dit is 'n moeilike omgewing om in te werk, maar ons kry heelwat meer so reg as om net van buite te kritiseer;
- Agri SA neem sy leiding deur 'n behoorlike mandaat-struktuur wat van grondvlak af kom;
- Agri SA se leiers is verantwoordbaar aan sy lede.

Ons werk graag saam met alle organisasies om die belang van boere te versterk, maar vereis 'n eerlike gesprek. Agri SA se visie is eenheid oor landbou.

Groete,



Dan Kriek

